

**Sing vooraf staande: Psalm 89:2 (p. 444)**

- 2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.  
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:  
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

**Lofpsalm 98:1, 2 (p. 488)**

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;  
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.  
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;  
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;  
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.  
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!  
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

**Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea**

*Na die wet antwoord ons met Skrifberyming 9-1:1, 10, 11 (26:1, 10, 11).*

**Wet**

**Skrifberyming 9-1:1, 10, 11 (26:1, 10, 11)**

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,  
deur wolke en donkerheid omswewe, / sy wet op Horeb het gegee:
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.  
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrew, / genade is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

**Gebed**

**Psalm 105:4, 5 (p. 515)**

- 4 O volk uit Abraham gebore, / uit Jakob, deur God uitverkore;  
o volk wat soveel guns geniet – / verhoog die HEER in sang en lied!  
Hy 's onse God – 'n wêreldronde – vrees vir die oordeel van sy mond.
- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;  
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.  
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

**Skriflesing: Genesis 15:1-21**

**Kernverse: Genesis 15:17-18**

**Toe die son ondergegaan het en dit donker was, gaan daar skielik 'n oond wat rook en 'n fakkel wat brand, tussen die stukke vleis deur. Op daardie dag het die Here 'n verbond gesluit met Abram en vir hom gesê: “Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van Egiptespruit af tot by die Eufraat, die groot rivier; (Genesis 15:17-18 AFR1983)**

**Tema:** In sy verbond gee God Homself volledig aan sy mense

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons grootmense weet al wat dit beteken om 'n ooreenkoms of 'n kontrak met iemand anders op te stel. Deesdae het ons veral te doen met kontrakte wanneer dit kom by die koop van 'n huis of 'n motor. Of nog nader aan die meeste van ons, is seker die kontrakte wat 'n mens aangaan met die huishulp of die man wat vir ons in die tuin werk. In so 'n kontrak staan daar gewoonlik geskryf wat jy as werkgewer van die huishulp of tuinwerker verwag en ook wat jy as werkgewer onderneem om die huishulp of tuinwerker te betaal en te vergoed in die vorm van verlof.

Wanneer die huishulp of tuinwerker daardie kontrak onderteken, belowe hulle eintlik plegtig om die werk te doen wat die werkgewer van hulle verwag. Net so belowe die werkgewer plegtig met sy handtekening om hulle te betaal en te vergoed met verlof. So 'n kontrak is bindend solank as wat die twee partye met mekaar ooreengekom het in die kontrak. Indien die werker of die werkgewer nie presies doen soos wat hy of sy in die kontrak belowe het nie, breek hulle die kontrak en die ander party kan 'n hofsak teen so 'n mens begin.

In Genesis 15 laat die Heilige Gees ons hoor van die verbond wat die Here ons God met Abram die vader van die gelowiges gesluit het. In 'n sekere sin is 'n verbond baie dieselfde soos 'n kontrak. En in die Bybel lees ons op verskeie plekke van mense wat ook met mekaar verbonde gesluit het. Maar in hierdie verbond wat God met Abram sluit, het ons nie maar net met 'n kontrak te doen nie. Hier word nie maar net bloot beloftes gemaak van wat God vir Abram sal doen en Abram vir die Here sal doen nie. As God sy verbond sluit, gee Hy baie meer as wat selfs Abram verwag het.

Of die gebeure vanaf vers 7 en verder direk na die gebeure tot en met vers 6 plaasgevind het, is nie vir ons duidelik nie. Maar dit maak egter geen verskil of dit nog op daardie volgende dag of selfs 'n tyd later sou gebeur het nie. Die Here het, toe Hy vir Abram uit Ur geroep het, al die belofte van die nageslag en die belofte van die land in een asem genoem. Die Here het nou met 'n teken aan Abram bevestig dat sy nageslag inderdaad ontelbaar sal wees en sy erfgenaam sal beslis een uit homself wees.

Maar die Here hou nie maar net daar op nie. Hy weet immers dat Abram nie net oor die beloofde nageslag bekommerd was en kleingelowig geword het nie. Abram se nageslag moet ook 'n blyplek op die aarde hê. En Abram bly nou al vir agt of nege jaar as 'n vreemdeling in 'n tent in die land wat die Here belowe het om aan hom en sy nageslag te gee. Abram se verblyf in Kanaän is tans nog maar net verseker met die verdrag wat die drie Amoritiese broers, Mamre, Eskol en Aner, met hom gesluit het. Hierdie verdrag met die Amoriëte is egter vir Abram nie genoeg nie. Mamre, Eskol en Aner is mense en boonop ook nog heidene. Hulle kan miskien die een of ander tyd weer 'n ander gier in die kop kry en self die verdrag nietig verklaar. Of hulle nageslag kan later sê dat hulle niks met die verdrag met Abram te doen het nie, en waar sal Abram se nageslag dan moet heen? Wanneer ons die dinge so beskou, kan ons Abram se kommer begryp wat ook in sy woorde oor die land duidelik word.

Die Here wil egter alle onduidelikheid oor die beloftes van die nageslag en die land by Abram wegneem, sodat hy homself kan oefen in die suiwer geloof. Daar mag geen sweempie van onduidelikheid wees oor wat die Here aan sy kinders toesê nie. Daarom gaan die Here ook voort om oor die beloofde land te praat. Die Here het vir Abram gesê:

**Ek is die HERE wat jou uit Ur van die Galdeërs laat wegtrek het om hierdie land aan jou te gee as jou besitting. (Genesis 15:7 AFR1983)**

Abram hoor dat die Here wat die belofte nou bevestig steeds dieselfde Here is wat hom uit sy geboorteland geroep het. Die Here is nou al agt of nege jaar persoonlik met Abram

besig. En dit is ook die derde keer dat die Here vir hom sê dat Hy hierdie land aan hom gee al bly daar nou nog ander volke in die land.

Toe Abram die eerste maal gehoor het dat die Here hierdie land aan hom gee, het hy by Sigem 'n altaar gebou en die Here se Naam aangeroep. Abram het so te sê beslag gelê op die land vir die Here. Nadat Lot van Abram af weggetrek het, het die Here 'n tweede maal vir Abram gesê dat Hy die land aan hom gee. Weer 'n keer het Abram 'n altaar vir die Here gebou, hierdie keer in die suide by Hebron. Nou maak die Here vir 'n derde keer die belofte dat Abram hierdie land as sy besitting van die Here ontvang. Maar nou bou Abram nie 'n altaar nie, hy vra:

**Hoe sal ek weet dat ek dit sal besit, HERE my God?** (Genesis 15:8 AFR1983)

Abram trek nie die Here se woord in twyfel nie. Deur die kragtige werk van die Heilige Gees glo Abram in die Here en hy weet dat die Here betroubaar is. Abram vra die vraag, want hy soek 'n teken om sy geloof in die Here en in die Here se woord te verseël. Geliefdes, hier moet ons dadelik Abram se vraag na 'n teken goed verstaan. Op grond van die belofte wat die Here maak dat Abram die land sal besit, vra hy dat die Here iets konkreets aan hom sal gee om hom te verseker van God se belofte.

Abram het in die Here geglo. Nou vra hy 'n teken om hierdie geloof in God te verseël en te versterk. Ook vir ons het die Here ons God tekens gegee om ons geloof in Hom te verseël en te versterk. Die teken van water by die doop en die tekens van brood en wyn by die nagmaal is die tekens wat die Here gegee het om ons geloof in Jesus Christus te verseël en te versterk. Dit is tekens uit die Here se hand sodat ons die beloftes van sondevergifnis, kind wees van God en die ewige lewe nog beter kan begryp. God wil nie hê dat daar enige onduidelikheid oor sy beloftes by sy kinders mag wees nie. Daarom laat Hy ons sy beloftes nie net in woorde hoor nie – Hy gee ook tekens om vir ons sy woorde te bewys en te verseël.

Die Here antwoord Abram nie dadelik op sy vraag nie. Hy beveel hom slegs om 'n vers, 'n bok en 'n skaapram – elkeen drie jaar oud – te bring saam met 'n tortelduif en 'n jong duif. Abram gehoorsaam die Here en op die woord van die Here handel hy met die diere ook soos wat die Here sê. Hy sny die diere middeldeur en plaas elke helfte teenoor die ander helfte. En die voëls het hy net so heel by die ander stukke vleis neergesit.

Broers, susters en kinders, wat Abram met die diere moes maak, was baie goed aan hom bekend. In die wêreld waarin Abram gebly het, het mense met mekaar 'n verbond op hierdie manier gesluit. 'n Dier is geslag en in die middel deurgesny. Daarna het hulle die ooreenkoms wat hulle met mekaar aangaan vir mekaar gesê. Elkeen het belowe wat hy vir die ander persoon sal doen. Daarna het hulle al twee tussen die twee helftes van die geslagte dier deur geloop. Hierdie loop tussen die twee helftes deur is soos wat ons ons handtekening op 'n kontrak maak en belowe ons sal doen wat daar geskryf staan.

Maar in die tyd van Abram het die deurloop tussen die twee helftes ook nog 'n dreigement vir die twee partye ingehou. As een van hulle die ooreenkoms sou verbreek, sê hy met sy deurloop dat daar met hom gemaak kan word wat met die dier gebeur het. Hy kan dan maar doodgemaak en in stukke opgesny word. Abram het seker hieraan gedink toe hy die diere voorberei het, maar dit was die manier hoe mense met mekaar verbonde sluit. Wat die Here wou doen, het hy nog nie presies geweet nie.

Alhoewel Abram nog nie presies geweet het wat God wil doen nie, het hy nie sommer maar toegelaat dat die roofvoëls op die karkasse toesak nie. Die Here het vir hom gesê

om die diere so voor te berei, daarom moet hy dit ook beskerm sodat die Here kan doen wat Hy daarmee wil doen. Die teken waarvoor Abram gevra het, kom nie sommer eensklaps nie. Deur die dag lê daar nog vir hom beproewing voor. Die roofvoëls wil die karkasse kom verslind. Maar juis in hierdie afwagting van die openbaring van die Here oefen Abram die suiwer geloof. Hy leer om met vertroue op die Here te bly wag.

Wanneer die Here ons laat wag op sy antwoord en die Satan sak met allerlei versoekings op ons toe terwyl ons wag, is dit nie omdat die Here nie ons gebede gehoor het nie. Dit is ook nie omdat die Here ons vergeet het nie. Daardie wagtyd is deel van die Here se werk met sy kinders. Gelowiges moet ook leer om geduldig op die Here te wag en op Hom te bly vertrou. Moenie sommer, omdat die wagtyd vir jou te lank word, alles oorboord gooi sodat die roofvoëls van die bese maar dit wat die Here vir jou gegee het en gegee het om te doen uit jou lewe wegpik nie. Wag geduldig, wag met vertroue, die Here sal optree.

Toe dit al sterk skemer was, het die Here 'n diepe slaap oor Abram laat kom. Angs en 'n groot duisternis het hom oorweldig, want die Here, met sy Goddelike majesteit beklee, buig Homself neer tot binne-in die wêreld van mense in. Dan maak die Here aan hom bekend dat nie net hy nie, maar ook sy nageslag, nog vir baie lank vreemdelinge sal wees. Abram kry hier nog 'n keer die versekering dat hy 'n nageslag sal hê. Die nageslag se vreemdelingskap sal nog erger wees. Hulle sal verdruk word en ly as slawe in 'n land wat nie aan hulle behoort nie. Na vier honderd jaar in die ander land sal die Here hulle na hierdie land terugbring om dit te besit. Na vier honderd jaar as vreemdelinge sal die genadetyd vir Kanaän eers verby wees.

Na hierdie openbaring oor die nageslag van Abram en oor sy eie dood, het die Here uiteindelik in die donkerte van die nag die teken gegee waarvoor Abram gevra het. In hierdie stadium moes Abram seker weer uit die diepe slaap gekom het, want toe dit donker was, het hy gesien hoe daar skielik 'n oond wat rook en 'n fakkelt wat brand tussen die stukke vleis deur gaan. En die Heilige Gees skryf: Op daardie dag het God 'n verbond met Abram gesluit.

Die oond wat rook en die fakkelt wat brand, is tekens van God se magtige teenwoordigheid. Hierdie simbole is bedoel om die mens met die diepste ontsag en heilige vrees vir God te vervul. Iets van hierdie simbole word eeue later weer gesien as God sy verbond met Israel by Sinaï bevestig. Dan is dit die hele berg wat skud en rook en terwyl dit gebeur, mag niemand aan die berg raak nie. Trouens, elkeen van die volk moes hulle reinig en voorberei vir die oomblik wanneer God aan Moses op die berg verskyn.

Maar die simbole van 'n oond wat rook en 'n fakkelt wat brand is nie net daar om ontsag vir God by die mens op te wek nie. Die feit dat God self in hierdie simbole, wat Hy gebruik om Homself teenwoordig te maak by Abram, tussen die stukke vleis deur beweeg, is vir Abram en vir ons ook 'n groot troos. God, die almagtige Skepper en Heerser, is bereid om op so 'n menslik verstaanbare manier 'n verbond met mense aan te gaan. God buig Homself diep neer in die wêreld van sy mense in.

As God die verbond met Abram sluit, doen Hy dit tog nie met Abram op gelyke voet nie. God bly God en Abram bly die skepsel van God. Daarom is dit net God wat tussen die stukke vleis deur beweeg. Die mens beweeg nie daar deur nie, want God wil met Abram en sy nageslag die verbond sluit. Dit was nie Abram wat met die Here 'n ooreenkoms wou aangaan nie. Abram het maar net 'n teken gevra en God gee sy verbond.

Alhoewel die Here die almagtige God is wat met sy skepsel 'n verbond sluit, gebeur dit nie

soos wat Abram gewoon is by mense gebeur nie. Wanneer 'n magtige koning met iemand van minder belang 'n verbond sluit, gebruik die koning gewoonlik sy mag om die kleiner party te dwing in 'n verbond in. En die beloftes wat die koning maak, is baie maal maar karig teenoor wat die ander kleiner party moet onderneem om volgens die verbond aan die koning te gee.

As God die verbond met Abram sluit, dwing Hy nie vir Abram met sy almag in die verbond in nie en Hy verneder ook nie die mens tot 'n minderwaardige skepsel nie. Die beloftes wat Hy maak is nie karig en effentjies nie. Nee, sy Goddelike liefde vir die mens is oorvloedig en dit wat Hy belowe is oorvloedig. God neem op Homself die plig om die beloofde land aan Abram se nageslag te gee. En in antwoord hierop moet Abram en sy nageslag in die Here glo en Hom gehoorsaam dien en liefhê.

Geliefdes, ons moet egter nie die fout maak om te dink dat Kanaän die eintlike inhoud van God se verbond met Abram en sy nageslag is nie. As Kanaän die eintlike inhoud was, dan was ons uitgesluit uit die verbond uit, want ons bly in Suid-Afrika en nie in Kanaän nie. Wanneer God so vyftien sestien jaar later weer oor die verbond met Abram en sy nageslag praat (ons lees daarvan in Genesis 17), hoor ons duidelik wat die eintlike inhoud van die verbond is. God sê dan:

**Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.**  
(Genesis 17:7 AFR1983)

God self, sy guns en sy gemeenskap met die mens is die eintlike inhoud van die verbond.

Wanneer die Here sy verbond met Abram en sy nageslag sluit, gee die Here Homself aan sy mense. En die Here gee nie effentjies of maar net halfpad nie. Hy alleen gee Homself volledig aan sy mense. Let weer op, Abram het nie tussen die stukke van die diere heen gegaan nie. God alleen het daar tussen deur gegaan. Toe God tussen die stukke van die diere deurgegaan het, het Hy nie net die plig op Hom geneem om die beloofde land aan Abram en sy nageslag te gegee nie. Hy het ook die plig op Hom geneem om die verbond tussen Hom en die gelowige nageslag van Abram te onderhou. Ja, selfs die dreigement om gestraf te word wanneer hierdie verbond verbreek word, het God op Homself geneem.

Abram se nageslag, so sien ons dwarsdeur die Ou Testament, het nie altyd die guns en liefde van die Here met geloof en gehoorsaamheid beantwoord nie. Hulle het die verbond verbreek met hulle ongeloof en tog het hulle hulle op die genade en verbondsliefde van die Here beroep. Die pad van die verbondsbreker is die dood. En dit is nie net die pad van hulle wat deur die latere ballingskap tot niet gegaan het nie. Ook die oorblyfsel van Israel wat nog in die Here geglo het, moes hierdie pad gaan. Ons verdien ook om op die pad van die dood te wees weens ons hardnekkige ongehoorsaamheid.

Maar, geliefdes, God het die verbondspilte op Homself geneem toe Hy die verbond gesluit het. Hy het alleen tussen die stukke vleis deur gegaan. Hy het Homself toe al volledig aan sy mense gegee. En in Jesus Christus sien ons dit gebeur. Dit wat die God die Vader onderneem het, kom voer die Seun van God uit. Hy neem ons verbondsbreuk op Homself en gaan in ons en in die hele gelowige nageslag van Abram se plek op die pad van die dood. Die skuld van die verbondsbreuk word deur Jesus se bloed van ons weggewas. En daarby gee die Vader en die Seun ook nog die Heilige Gees om ons in die herstelde verhouding met God te begelei. God gee Homself inderdaad volledig aan sy mense wanneer Hy sy verbond met hulle sluit.

Ons almagtige God het Homself diep neergebuig in ons wêreld in en op 'n eg menslike wyse sy verbond met Abram en sy nageslag gesluit. Met elkeen van ons het God hierdie

einste verbond bevestig die dag toe ons gedoop is. Daarby het die Seun van God Homself ook nog verneder tot in ons sondige gestalte in om ons verbondsbreuk op Hom te neem en ons weer in 'n herstelde verhouding met God te bring. En al wat God van jou en my verwag, is om in Hom te glo en Hom met ons hele hart, siel en al ons kragte lief te hê en voluit te dien. Kan ons en gaan ons onself ook nou so volledig aan die Here gee?

Amen!

Slotgebed

Psalm 105:22, 23 (p 519)

22 Hy het hul daaglik begenadig, / met manna, hemelbrood, versadig;  
Hy het die rots vir hul ontsluit / en waters vloei oorvloedig uit;  
'n stroom spoel oor die dorre land / waarop die son se vlamme brand.

23 God het gedink, uit welbehae, / aan sy verbond uit vroeër dae:  
aan wat aan Abraham, sy kneg, / in vrye guns was toegeseg.  
So het die HEER uit slawerny / sy volk met blydschap uitgelei.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

**Ds Coen Vrey**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**31 Julie 2011**